Hoe om die Gebedsgids te gebruik

Die hoofdoel van die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* kwartaallikse Gebedsgids is om inligting aan bidders en gelowiges te voorsien sodat hulle meer effektief kan bid vir herlewing en redding van verlore mense. Inligting word voorsien vir elke dag om bidders te help om gefokus saam met ongeveer 200 000 ander mense te bid vir sake in hulle land en/of volksgroepe in daardie land, asook in ander lande van die wêreld. Mense van verskillende tydsones in die wêreld gebruik ook hierdie Gebedsgids. Dit beteken dat alhoewel jy op jou eie of saam met 'n vriend of gebedsgroep bid, jy deel vorm van 'n wêreldwye gebedsweermag wat voortdurend voor die troon van die Here staan in voorbidding!

Die inligting in die Gebedsgids word in die vorm van gebedsversoeke in verskillende formate deurgegee. Sommige versoeke noem statistieke en vra van die bidder om oor sekere sake te bid. Ander versoeke word as gebedsinligting gegee, met gebede wat in die eerste persoon geskryf word, asof jy persoonlik met die Here praat. Dan weer word Skrifgedeeltes gebid. Verder word jy voorsien van opgedateerde inligting oor gebed, nasionale en internasionale gebedsinisiatiewe, asook enige ander gebeure om jou ingelig te hou van wat op 'n breë vlak in die gebedsbeweging gebeur. Inligting oor opleidingsgeleenthede soos seminare, gebedskole, ens. word ook van tyd tot tyd geplaas. Soos ons terugvoer ontvang van gebeure, plaas ons ook sommige van die deurbrake wat gekom het as gevolg van die onvermoeide gebed van individuele persone. Bidders is welkom om gebedsinligting in te stuur om in die Gebedsgids te plaas. Doen dit asseblief 4 maande voor die eerste dag van die maand waarop die volgende Gebedsgids verskyn.

Laastens:

• Gebruik hierdie inligting om te bid in jou persoonlike gebedstye.
• Moedig ander mense aan om hierdie Gebedsgids te gebruik.
• Oorweeg dit om 'n klein gebedsgroep te begin en gebruik dan van hierdie gebedspunte.
• Jy is welkom om enige van hierdie gebedspunte in jou gemeente se gebedsbulletin te plaas, of by ander gebedsgeleenthede te gebruik.

Vrywaring

Jerigo Mure strewe na die hoogs moontlike kwaliteit in die hulpbronne wat hier aangebied word. Ons neem egter geen verantwoordelikheid vir die geldigheid of akkuraatheid van die inligting wat in ons publikasie of op ons webruimte verstrek word nie, tensy anders aangetoon. Daar word geen aanspraak gemaak rakende die akkuraatheid of egtheid van die inhoud van die publikasie nie. U moet dus nie aanvaar dat ons publikasie foutvry is nie.

Die redaksie van *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* doen sy bes om sy publikasies in stand te hou, maar neem nie verantwoordelikheid vir die gevolge van enige gebreke wat in enige van ons publikasies mag bestaan nie. Die inligting in die Gebedsgids word voorsien op die grondslag dat alle persone wat dit lees, self ook die materiaal sal beoordeel vir die relevansie en akkuraatheid van die inhoud. Ons aanvaar ook geen verantwoordelikheid vir enige inligting of dienste wat op enige gekoppelde publikasie of webruimte verskyn nie, aangesien dit slegs vir inligtingsdoeleindes verskaf word.

Telefriend

***Telefriend* is 'n omgeetelefoonlyn wat** emosionele ondersteuning verleen aan stukkende mense en hulle tot volledige genesing begelei deur die liefde en genade van Jesus Christus. Indien jy self berading nodig het, of op soek is na iemand om 'n vriend te help of beraad, kontak:

Telefriend, Posbus 740889,
Lynnwoodrif, 0040.
Tel.: 0861 106310 of
Webruimte: www.ellel.org/africa en
e-pos: ellelsa@ellel.org.za

Maar God ...

Aan alle bidders
Hoe lyk jou *bid-hart*? Het jy ‘n hart wat wil bid en geestelik op ‘n plek is waar jy kan bid? Dit gebeur te dikwels dat ons bid vanuit ‘n hart vol skuldgevoelens. Ons weet ons moet bid en wanneer ons nie bid nie, voel ons skuldig en die skuldgevoelens dryf ons dan tot selfgeforseerde gebed.

‘n Hart wat wil bid en gereed is om te bid, word deur ‘n verskeidenheid dinge voorberei: Eerstens is dit belangrik om God te ken, Sy hart te verstaan en Hom te vra om Homself aan ons te openbaar. Hierdie openbaring kry ons primêr deur die Woord te bestudeer en die Heilige Gees te vra om God se hart en karakter aan ons te openbaar. Dit is alleen die Heilige Gees wat God die Vader en Jesus aan ons kan openbaar.

Tweedens word ons harte voorberei om te bid wanneer die Heilige Gees al dieper en dieper vir ons wys hoe God oor ons dink en wat Jesus aan die kruis vir ons gedoen het. Dit gebeur so maklik dat ons ‘n paar jaar na ons bekering begin vergeet wat Jesus vir ons gedoen het, God se onvoorwaardelike liefde vir ons, die genade wat Hy aan ons bewys het deur vir ons te gee wat ons nie verdien het nie en sy barmhartigheid om nie te straf vir dit wat ons regtig verdien nie.

Derdens sal ons wil bid wanneer ons die nood van die wêreld sien, die gevolge van die nood van mense, hulle totale verlorenheid en hulpeloosheid. Maar ons het meer as dit nodig. Ons moet God vra om ons eie ongenaakbaarheid, ons genadeloosheid vir ons te wys totdat ons oor ons eie harde harte kan huil. Wanneer dit gebeur het, moet ons die Here vra om vir ons trane vir ander se nood te gee. Trane sal maak dat ons kan bid: trane oor jou eie harde hart en daarna trane oor ander se nood en pyn.

In die vierde plek moet ons verstaan dat ons nie uit onsself kan bid nie. God moet vir ons ‘n hart gee om te bid. Alleen die Heilige Gees kan ‘n egte begeerte in ons werk om te bid. Dit is ook die Heilige Gees wat ons moet leer wat om te bid. Uit onsself weet ons nie hoe om reg te bid nie. So baie van ons gebede is uit die self gebore.
‘n Hart wat bid is in die vyfde plek ‘n hart wat twee goed weet: Ek kan myself nie help nie, en ek kan ander nie help nie, maar Gód kan.

Wat is in jou hart wanneer jy bid? Waarvoor bid jy? Is dit die dinge waarvoor God wil hê jy moet bid? Is dit wat ook op God se hart is? Die Heilige Gees sal vir jou gebedslaste gee wat ooreenstem met die redes waarvoor Jesus gesterf het. Baie mense verloor hulle begeerte vir gebed omdat hulle so oorgegee is aan begeertes vir hulle eie voordeel en voorspoed. God se hart het egter gebreek vir die stukkendheid van die mense.

Hoe lyk jou bid-hart? Wat is daarin? O, dat ons harte vol sal wees met die dinge waarvan God se hart vol is.

Gebedsfokusse
– Hierdie jaar se fokus is gebed vir herlewing. Oor die volgende drie maande gaan ons bid oor ons verhouding met die Vader, heiligheid en die onbereiktes. Al drie hierdie elemente speel ‘n sleutelrol in herlewing. Herlewing wat mense se lewens permanent verander en wat gemeenskappe verander, bring mense in die regte verhouding met God die Vader, maak mense heilig in hulle lewenswandel en maak dat mense hulle lewens gee vir die ongereddes en onbereiktes. Laat ons met ons harte bid, harte gebreek oor die dinge waarvoor Jesus gesterf het en wat Hy gekom het om reg te maak.

– 2-11 Junie bid ons saam met die hele wêreld vir tien dae. Ons bid vir die uitstorting van die Heilige Gees, die genesing van die nasies en die heerlikheid van God. Sondag 12 Junie is die *Wêrelddag van Gebed* waar miljoene voor God sal staan in ‘n dag van verootmoediging en gebed.

– Gedurende Junie word daar ook vir kinders in nood gebid. Dit sluit in kinders in oorlogsituasies, kinderarbeid, slawehandel, kinderprostitusie, hongersnood en kinders wat in situasies vasgevang is waar hulle in wanhoop lewe. Laat ons vir hulle bid.

'One Day in the Gap'
Honderde gemeentes reg oor die land neem een dag op 'n keer, die volle 24 uur, om vir die land in die bres te staan. Bid vir duisende gemeentes wat in die bres sal staan vir die land. Ons staan volgens **Esegiël 22:30** vir die land in die bres, sodat vers 31 nie sal waar word nie, *sodat God nie sal kom en die land sal vernietig nie.* In **Esegiël 22:30-31** verduidelik Esegiël hoe God iemand gesoek het om vir die land in die bres te tree, maar omdat Hy niemand gevind het nie, omdat niemand by God vir die land gepleit het nie, het God se oordeel oor die land gekom.

Kontak ons by oneday@jwipn.com vir meer besonderhede oor hoe om betrokke te raak.

Mag God wat deur die Heilige Gees wat immers in ons woon, ons hoor wanneer ons tot Hom roep. Hy het belowe dat Hy ons sal hoor indien ons tot Hom roep.

Bennie Mostert
Besturende Direkteur*: Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Ef.3:20

Skildery van seuntjie:
Die Goeie Herder … soos 'n herder 'n lam dra, dra ek jou styf teen my hart… (Jes.40:11).
Die stemming is meer ernstig. Daar sal altyd moeilike omstandighede wees, omdat ons 'n vyand het wat wil vernietig en doodmaak. Ons Hemelse Vader sal ons nooit verlaat nie en dra ons hoog op Sy skouers.
Hy leer ons Sy weë; om aan Hom vas te hou en om die toekoms in te kyk met hoop in ons harte. Die enerse kleure van die seun en vader simboliseer die Vader se begeerte om ons te vorm na die beeld van Sy Seun. "Soos Vader, so ook Seun', en plaas sodoende Sy mantel op ons. Die agtergrondkleure simboliseer die reis vanuit duisternis na lig. Die helder kleure van die Vader se gesig skyn geel, met 'n glinstering, en simboliseer die teenwoordigheid van die Heilige Gees – Sy nabyheid. Dit is dikwels in die vallei dat ons Sy teenwoordigheid die meeste ervaar. Hy sal 99 ander laat staan om een verlorene te soek en vind. Hy is lief vir jou!

Skildery van dogtertjie:
Liefde van die vader …dit is My begeerte om my liefde op jou uit te stort…..jy is my kind en ek is jou Vader…(1Joh.3:1).
Die verfkleure is helder – so is die Vader se liefde tussen Hom en al Sy kinders. Sy krag lig ons omhoog soos hierdie dogtertjie. Hy het ons eerste lief gehad. Hy het Sy liefde aan ons bewys voor ons nog gevorm was! Selfs toe ons nog in sonde was, het Sy Seun vir ons gesterf. Die rooi klere van die dogtertjie is 'n teken dat ons almal in sonde gebore word, maar dat die bloed van Jesus ons vrygekoop het. Ons is vrygekoop en vergewe (Jes.1:15).
Dit simboliseer ook die passie wat ons behoort te ervaar teenoor die Vader. Die Vader se blou hemp wys na die Heilige Gees nou hier op aarde, wat ons nader na die Vader trek. Die Vader se enigste begeerte is dat ons ons hande sal uitsteek en Sy gesig aanraak. Ons moet ook glo soos 'n klein kindjie wat vertrou op die krag van die Een wat hom/haar vashou en nie bang is om te antwoord op die liefdesuitnodiging nie, maar wat Hom reguit in die oë kyk en Sy omarming/omhelsing aanvaar.

Wat, waar en wanneer

NASIONAAL
***Mighty Men Conferences*: Vier streekskonferensies van 19 Maart – 7 Mei 2011**
Voortvloeiend uit die seën a.g.v. Angus Buchan se *Mighty Men Conferences* in Greytown, vind *MMC 2011* plaas by die *Island Shores Resort,* Vaaldam vanaf 18-20 Maart, 2011. Vir meer inligting oor hierdie en ander byeenkomste, besoek: http://www.madeinhisimage.co.za/mighty-men-2011 en/of http://www.shalomtrust.co.za/

Shalom Bedieningsbyeenkomste 2011
Gedurende 2011 gaan Angus in verskeie stadions oor die land preek. Teken asb hierdie byeenkomste dadelik aan: 5 Maart: Kaapstad Stadion, 14 Mei: Nelson Mandela Stadion in Port Elizabeth; 4 Junie: Moses Habhida Stadion in Durban; 23 Julie: Mbombela Stadion in Nelspruit; 20 Augustus: Peter Mokabe Stadion in Polokwane; Sept/Okt: Vrystaat Stadion in Bloemfontein en 12 November: Loftus Versfeld Stadion in Pretoria. *Shalom Ministries*. Byeenkoms-organiseerder: Albertus Potgieter by webwerf: http://www.shalomtrust.co.za of epos: albertus@itickets.co.za

INTERNASIONAAL
4 Maart 2011: *Internasionale Wêrelddag van Gebed vir Vroue*. Die *Wêrelddag van Gebed vir Vroue* is 'n wêreldwye beweging van Christenvroue wat elke jaar bymekaar kom vir 'n algemene dag van gebed. Dit sal die 81ste jaar wees dat vroue in Suid-Afrika hieraan deelneem en hulle self voor God verootmoedig rondom die tema "**Hoeveel brode het jy?"** Vir meer inligting kontak *Women's World Day of Prayer,* Posbus 2002, Kemptonpark, 2002. Tel.: 011 975 4598 of faks: 011 975 2537. Webwerf: www.wwdp.co.za of e-pos: wwdp@telkomsa.net
Bid vir Frankryk: 27 Maart – 17 April 2011
Die 2011 *Pray for France* veldtog vind plaas vanaf 27 Maart tot 17 April. Die tema is "'n Generasie staan op" en die drie gebedsonderwerpe sentreer rondom **(1)** Bevryding van gevangenes, **(2)** Ontwakende helde vir God en **(3)** 'n Generasie roep tot God. Vir meer inligting oor hoe om deel te neem kontak: *Christian Community Foundation of France*. Webwerf: http://www.ccfof.org/ of e-pos: cfinfrock@ccfof.org
***Mighty Men For Jesus Conference* (MM4J) 2011 Namibië: 29 April - 1 Mei 2011**
Restore Namibia trust reël 'n *Mighty Men for Jesus Conference 2011 (MM4J 2011)* in Gobabis, Namibië. Vir meer inligting besoek: http://www.restourasie.com.na of e-pos: Info@restourasie.com.na
30 April – 1 Mei 2011: "Just Pray NO!" vir dwelms Naweek van Vas en Gebed
Hierdie naweek word afgesonder as die 21ste Jaarlikse "Just Pray NO*!"* vir dwelms *Wêreldwye Naweek van Vas en Gebed.* Substansafhanklikeid word direk gekoppel aan geweld en onsedelikheid en is die hoofbron van inkomste vir georganiseerde misdaad en terroristeaktiwiteite. Ons bid nie net vir diegene wat gebonde is deur dwelmmisbruik nie, maar ook vir bevryding van pornografie, dobbel en vetsug. Om aan hierdie inisiatief deel te neem en vir meer gebedsinligting besoek: http://www.justprayno.org/ of e-pos: justprayno@aol.com
***Wêreldnaweek van Gebed vir Kinders in Nood:* 4-5 Junie 2011**
Die ***Wêreldnaweek van Gebed vir Kinders in Nood*** *se tema vir 2011 is :'Bymekaar' (Together)* gebaseer op **Johannes 17** en die impak wat eenheid in Jesus op die wêreld het veral met betrekking tot kinders in nood. Sluit aan by duisende ander gelowiges met strategiese gebed vir oplossings vir die probleme en behoeftes van kinders met die oog op 'n verandering in statistieke in ons omgewing, ons stede, streke en lande. Vir meer inligting kontak: *VIVA* by www.viva.org of e-pos: cwilkinson@viva.org

JESUS FILM gaan aan
Die *JESUS Film* is besig om die mees vertaalde en die mees gekykte film in die geskiedenis te word. Sedert 1979 het 'n gemiddeld van 7.5 miljoen mense elke jaar na die *JESUS Film gekyk*! Dit is nou vertaal in oor die 1 000 tale met 'n nuwe taal wat byna elke week bygevoeg word. (Webwerf: www.jesusfilm.org).

'*Torch*' gebedsinisiatief
Die *"Torch"* aaneenlopende gebedsinisiatief het op Nuwejaarsaand byna 4 jaar gelede begin toe 15 mense in 'n klein kamertjie in Phoenix bymekaargekom het. Die aanvanklike visie vir die "*Torch*" was om 52 gebedspanne te organiseer en toe te rus wat gedurende 2008 elk een week volhoudend sou bid. Elke span sou in sy week dwarsdeur die dag en die nag bid in 'n vooruitbespreekte lokaal. Hulle begeerte was dat onophoudelik gebid moes word in gemeentes, sakeondernemings, hospitale, universiteite of alle ander plekke wat die Here in gedagte gehad het. In daardie stadium het 13 gemeentes onderneem om al 52 weke in 2008 te vul! Tot op datum neem meer as 100 kerke uit verskillende denominasies, bedieninge en sakeondernemings deel. Dag-en-nag-gebed vind vandag

nie net plaas in kerke nie, maar ook in elke sfeer van die gemeenskap; skole, sakeondernemings, ‘n radiostasie, TV-stasie, ‘n hotel, regeringskantore, hospitale, ‘n streekstronk en selfs ‘n casino!
Webwerf: www.Arizona/LitetheFire.org

Wat is aanlyn?

http://onlythebible.net/childrens_hour
Elke Sondag kan jy een uur opsy sit vir regstreekse aanbidding saam met jongmense in die program “Children’s Hour”. Hierdie program is geskep vir jongmense van verskillende ouderdomsgroepe (6-17) om deel te neem aan 1.) Die deel van Teksverse, 2.) Vergelyking vanuit die Skrif 3.) Allerhande Bybelse aktiwiteite.
http://www.missionaries.org/ms/laymen/praying.html
Hoe bid jy effektief vir sendelinge? Ken jy die naam van die land waar hulle werk, die tydsone, geografie, klimaat, geskiedenis, regering en mense? Op die volgende webtuistes sal jy spesifieke riglyne vind wat jou sal help om meer effektief vir die nood van *Worldwide Biblical Christian Missions* te bid.
1] **http://www.laridian.com/iphone/default.asp**
2] **http://www.olivetree.com/iphone/** **of**
3] **http://www.freechristianresources.org/2007-10/best-iphone-bibles**
PocketBible(s) vir jou iPhone of iPod gee vir jou kragtige en gerieflike toegang tot die Bybel en ‘n biblioteek van kommentare, asook boeke vir navorsing en lering. Soek, neem notas, onderstreep, kopieer teksverse en baie meer!

Maandelikse gebedsfokusse: 1 Maart – 12 Junie 2011

Die gebedsfokusse op hierdie bladsy is bedoel om almal wat betrokke is by 24/7 gebedshuise aan te moedig om oor dieselfde tydperk op dieselfde gebedsonderwerpe te fokus. Hierdie is slegs riglyne en koördineerders van gebedswagte kan hulle eie fokusse hierby voeg soos die Heilige Gees hulle lei. Wil jy dit nie oorweeg **om hierdie gebedsversoeke** op kreatiewe maniere **in jou gebedskamer op te plak** of in jou stiltetyd te gebruik nie? Sê ook vir ander daarvan en moedig hulle aan om oor hierdie sake te bid gedurende elkeen van die maandelikse fokusse. Meer inligting oor hierdie sake is gratis beskikbaar op ons webwerf by: www.jwipn.com. Onthou om ook vir ons weeklikse *Global Prayer Alert* in te skryf wat fokus op aktuele sake – stuur net ‘n e-pos aan cape@jwipn.com

Maart: Wêreldevangelisasie
Die meeste lande het miljoene mense wat sonder kennis van Jesus Christus leef, in sommige lande selfs honderde miljoene (b.v. die VSA, China en Indië). Ons fokus dikwels op ons eie behoeftes en op die probleme in ons land (en dit is belangrik om hiervoor te bid), maar ons is geneig om die miljoene mense oor die wêreld, wat nog nie die geleentheid gehad het om die evangelie selfs een keer te hoor nie, te vergeet.

April: Fokus op vaderskap & *New Age*
Vaderskap het ‘n buitengewoon groot invloed op mense se lewens. Aanwesige vaders kweek geestelik gesonde kinders wat oor die algemeen maklik tot geestelike volwassenheid groei. Afwesige vaders het ‘n buitengewoon negatiewe uitwerking in die lewens van kinders. Baie probleme en sondige reaksies in mense se lewens kan teruggevoer word na hulle verhouding met hulle vaders. Wanneer vaders bv. gewelddadig is, lei dit gewoonlik tot rebelse gedrag, opstandigheid en uiteindelik ook rebellie teen God. Wanneer vaders swakkelinge is, beleef kinders dat hulle geen beskerming het nie, weerloos is, vir hulleself moet sorg en sukkel om te glo dat God, die Vader, vir hulle sal sorg. Fokus spesifiek hierdie maand daarop om vir die herstel van verhoudinge tussen vaders en kinders te bid, en veral ‘n openbaring van die hemelse Vader in ons elkeen se hart.
Gedurende hierdie maand gaan ons ook in gebed fokus op mense wat by *New Age* betrokke is. Ons gaan hulle basiese geloofsoortuigings bespreek en kyk hoe dit verskil van dit wat ons as Christene glo. Dit sal natuurlik onmoontlik wees om alles oor hierdie wye onderwerp te dek.

(Feite in hierdie artikel is geneem uit verskeie bronne op die Internet. Besoek ook *www.rose-publishing.com).*

Mei: Fokus op heiligheid
God is heilig en daarom moet almal en alles wat met God in kontak kom, geheilig word en heilig wees. Om heilig te lewe en heilig te wees, beteken om onsself aan die Here toe te wy, onsself aan Hom oor te gee. Wanneer iemand heilig leef, kom daar ‘n diep weersin teen sonde, ongeregtigheid en alles wat vuil is. Om heilig te lewe is om God die Heilige Gees toe te laat om die karakter van God in ons te vestig. ‘n Heilige lewe is ‘n lewe wat nie ruimte laat vir sonde nie en waarin die wil van God die enigste maatstaf vir ons lewens is. Eerstens moet ons verstaan dat dit die Here is wat ons heilig maak en daarna is dit ons verantwoordelikheid om in ooreenstemming met dit wat Hy in ons gewerk het, te leef. Om heilig te leef is ‘n daaglikse keuse, maar ons kan dit doen omdat die Here deur die Heilige Gees in ons leef. Die gevolg van letterlik elke herlewing in die geskiedenis was dat mense in heiligheid toegeneem het.

Junie: Fokus op *Wêrelddag van Gebed en Kinders in Nood*
Aan die begin van Junie fokus ons op die *Wêrelddag van Gebed*. Verlede jaar het al 220 lande in die wêreld op Pinkstersondag aan ‘n dag van verootmoediging en gebed deelgeneem. Vanaf Hemelvaartdag tot die dag voor Pinkstersondag word daar 10 dae lank gebid dat God diepe verootmoediging in die nasies sal werk, vir die genesing van die nasies, die verkondiging van die evangelie en vir geestelike herlewing in die kerk. Moedig jou gemeente en gemeenskap aan om deel te neem. Meer inligting by: www.globaldayofprayer.com
Juniemaand is internasionaal ook die maand waarin baie Christelike organisasies spesiaal daarop fokus om vir *Kinders in Nood* (*Children at Risk*) te bid. Honderde miljoene kinders leef in haglike omstandighede a.g.v. oorloë, armoede, swak higiëniese omstandighede, ouerloosheid (a.g.v. MIV/VIGS), ens. Laat ons die kinders in gebed na Jesus toe bring, die Een wat 2 000 jaar gelede gesê het: Laat die kindertjies na my toe kom.

Hoe om rein te leef in die werkplek

Die uitdaging om rein te leef in die werkplek raak elke dag groter. Hier volg-‘n paar gedagtes wat jou en my help om hierdie pad te stap, inaggenome-dat ons elkeen se omstandighede verskil en dat elkeen verskillende-uitdagings moet hanteer.
– Om ‘n rein lewe te lewe is ‘n keuse wat jy voor God maak. Ons is nie-uitgelewer aan ons omstandighede en drange nie. God gee ons Sy-almagtige Heilige Gees om in ons te woon en te werk, maar dit is ook-so dat ons onsself vir Sy werking in ons beskikbaar moet stel. Met my-wil moet ek daagliks God se wil kies. Dit is ‘n saak wat ek biddend voor God moet uitmaak.
– Hou jou privaatsake oor jou huis, jou vrou en kinders vir jouself en moenie alles met ander-vrouens bespreek nie, moenie op ‘n ander man se skouers gaan huil nie. In plaas daarvan-om met ander oor jou gesin en huwelik te praat, is dit jou verantwoordelikheid om met God-oor hulle te praat. Om met kollegas te praat kan ontlading bring, maar dit bring egter geen-verandering of oplossing nie en lei dikwels tot net baie meer probleme. Wanneer jy met-God praat, kan en sal Hy die situasie verander.
– Kies om oor die algemeen ‘n emosionele afstand te hou. Daar is vir almal van ons dae wat-ons emosioneel “af” is en dan is die versoeking daar om veral met ‘n man/vrou wat-simpatiek is te praat. Hou ‘n professionele afstand. In jou hart sal jy dadelik weet wanneer-jy begin om ‘n emosionele band met ‘n ander man/vrou te ontwikkel – en daarna is dit ‘n-afdraand pad na ‘n fisiese verhouding. God voel nooit “af” nie. Met God kan jy al jou-emosies bespreek en sal jy nooit in verleentheid kom nie.
– Indien daar ‘n man/vrou is wat vir jou ‘n versoeking word of wat jou bly lasting val – deel-dit so gou moontlik met ‘n persoonlike vriend/vriendin en vra hom/haar om jou te help en-saam met jou te bid. As jy ‘n man is, moenie ‘n vriendin soek om dit mee te bespreek nie-en omgekeerd. Jy kan die situasie op minstens 3 maniere hanteer: a) vra dadelik vir-voorbidding en b) maak tyd om saam met die persoon oor hierdie saak te bid. en c) vra ook-dat die gebedsmaat jou bv. een keer per week skakel om te vra hoe dit gaan. Wanneer jy-die saak geheim hou, is jou weerstand baie minder. Elke onrein verhouding begin as ‘n versoeking. Daarna kom die toegee aan die versoeking. Ons “val” nie in sonde nie – ons-stap self daar in.
– Wanneer jy agterkom dat daar ‘n vrou/man is wat jou in die oog het, kom daar ‘n tyd dat jy-baie duidelik vir haar/hom moet sê waar jy staan en dat jy nie beskikbaar is vir enige tipe-verhouding wat nie professioneel is en slegs met die werk te doen het nie. Dit is egter ook-‘n situasie wat jy met God in jou binnekamer moet uitmaak. Vra die Here om ‘n muur tussen-jou en hierdie man/vrou te bou en jou sodoende te beskerm (**Sag.2:4**).

– Probeer om ten alle koste nie alleen saam met vroulike/manlike kollegas in motors te ry-vir/na/van die werk nie. Dit klink na ‘n belaglike idee, maar sal jou teen groot verleenthede-beskerm. Moenie afsprake maak waar jy met ‘n vrou/man alleen in ‘n restaurant of-soortgelyke plek ontmoet om werk te bespreek nie. Sorg dat jy iemand saam met jou het-of dat sy/hy nog ‘n persoon sal saambring. Moenie binnelands of buitelands alleen saam-met die persoon reis nie.
– Werk met ‘n oop kantoordeur waar moontlik. Probeer om personeel of kliënte van die-teenoorgestelde geslag te spreek waar almal kan sien dat jy in ‘n werksgesprek is met die-persoon. Hou jou kantoordeur oop tydens gesprekke met kollegas of kliënte van die-teenoorgestelde geslag as dit enigsins moontlik is. Dit is nooit nodig om agter ‘n toe deur-te vergader nie. ‘n Praktiese wenk: sit ‘n deur met deursigtige glas as kantoordeur in sodat-almal kan sien wat binne jou kantoor aan die gang is. Leef geestelik in die lig.
– Wees uiters versigtig met take wat jy vir jou sekretaresse gee. Daar is persoonlike goed-wat ‘n sekretaresse nie behoort te doen nie. Moenie die verskoning gebruik dat jy nie tyd-het nie. Veral sake wat met jou vrou of kinders te doen het, is normaalweg persoonlik en-jou gesin is belangrik genoeg dat jy self daarvoor verantwoordelikheid neem. Gaan koop bv-self ‘n geskenk of blomme vir jou vrou. As ~~s~~ekretaresse moet jy ook ‘n streep trek en seker-maak dat jy nie take verrig wat jou binne ‘n gesin se persoonlike ruimte intrek nie. Vra die-Heilige Gees om vir jou te wys waar die grens is en hoe om daarby te hou.
– As vrou is dit veral nodig om op jou kleredrag te let sodat dit nie mans uitlok nie. Vrouens-trek dikwels op maniere aan wat mans uitlok en is dikwels verbaas as mans daarop-reageer. Onthou dat jy voor God verantwoordelik is vir jou gedrag.
– Liggaamstaal lees net so maklik soos verbale taal – jy en sy/hy weet as jy met jou liggaam-‘n boodskap aan ‘n persoon buite jou huwelik oordra.

Wat om te bid
• Vra die Here om jou te help om rein te lewe. Wanneer jy dit bid, bid jy iets wat binne die wil van God is en kan jy seker wees dat God jou sal help.
• Kies elke dag om God eerste te stel en sê vir God dat jy Hom eerste stel.
• Vra die Heilige Gees dikwels om vir jou elke vorm van onreinheid wat begin inkruip, uit te wys en tree radikaal op. Kry selfs vir jou ander werk indien nodig. Bely dit, vra die Heilige Gees om jou opnuut te vul en kies om God te behaag.
• Bid vir kollegas wat buite huweliksgrense begin dwaal om terug te draai na God en hul huweliksmaat. Praat en waarsku wanneer God jou so lei.

Tiener wat Bid

As die groenoogmonster kop uitsteek…

Dit is belangrik om te weet dat jaloesie meer as eenmaal in elkeen van ons se lewe sal opduik. Wat gaan jou anders maak as die persoon langs jou? Die wyse waarop jy jou reuse hanteer! Agter elke broeiende gevoel van jaloesie is dikwels vrees verskuil. Die wyse waarop jy hierdie vrees oorwin, sal bepaal hoe jy die jaloesie hanteer. Hier is net ‘n paar “vrese” wat ons as jongmense op skool teister met ‘n paar voorstelle oor hoe om hulle die hoof te bied en te hanteer soos Jesus dit sou gedoen het!

1. MAAR DIT IS MÝ VRIEND!
Iemand van ‘n ander skool kom in jou klas in en skielik lyk dit vir jou of jou beste maat meer van die nuwe ou hou as van jou!
Oorwin jou reus: Eensaamheid. Jy is bang jy gaan jou beste vriend verloor.
Wat sou Jesus doen? Jy kan kies of jy hierdie nuwe maat gaan insluit in jou vriendskap of die gevaar gaan loop om heeltemal alleen oor te bly.
Gebed: *Here Jesus. Ek sit my vrees vir alleen wees aan u voete neer. Help my asseblief om die jaloesie te oorwin wat hierdie vrees in my hart gebring het. Help my om hierdie nuwe vriend in te sluit in ons vriendskap sodat nie een van ons eensaam hoef te wees nie.*

2. NIE MEER EERSTE NIE!
Vandat jy kan onthou is jy eerste in jou klas. Skielik is iemand anders se punte net baie beter as joune. Om dinge erger te maak, lyk dit of hy/sy jou ook op die sportveld gaan uitstof!

Oorwin jou reus: Bedreiging. Jy is bang dat jy aansien en gewildheid by jou familie, vriende en onderwysers gaan verloor!
Wat sou Jesus doen? Jy kan 'n smeerveldtog teen hom/haar begin of jy kan hierdie reus oorwin deur uit reik na die maat, hom/haar te vra om saam met jou te studeer, vir hom/haar te sê dat jy dink hy/sy vaar uitstekend en hom/haar te vra vir wenke op die sportveld en so kan julle selfs beste vriende word!
Gebed: *Here Jesus, ek lê my emosies oor bedreiging aan u voete. Help my asseblief om my jaloesie te oorwin. Wys my hoe ek hom/haar in my lewe kan insluit, hoe om na hom/haar uit te reik en hom/haar welkom te laat voel in ons skool.*

3. IS EK ONSIGBAAR?
Jy voel soos 'n buitestaander. Jy sit alleen voor in die klas want die agterste sitplekke is reeds geneem. Pouses kruip jy in die badkamer of biblioteek weg en maak of jy besig is met iets, maar jy weet dat jy nie nou 'n beste vriend het nie. Die onderwyser kies altyd iemand anders vir spesiale take.
Oorwin jou reus: Uitsluiting/verwerping. Jy is bang daar is iets met jou verkeerd, soos 'n asem wat sleg ruik, iets fisies of iets leliks aan jou uiterlike voorkoms wat veroorsaak dat mense jou uitsluit.
Wat sou Jesus doen? Jy kan aanhou wegkruip of jy kan op die uitkyk wees vir ander alleenlopers al is hulle in 'n ander graad! Neem 'n besluit om vir ander mense om te gee.
Gebed: *Here Jesus, ek plaas my vrees om uitgesluit en verwerp te voel aan u voete. Help my asseblief om nie in woede vergelding te soek en my geheel en al van ander af te sny nie en in depressie te verval nie. Wys my hoe ek na ander wat ook eensaam is kan uitreik.*

4. WAAROM NIE EK NIE?
Jy is genomineer vir die leerlingraad. Die aand toe die name vir die paar verkose leiers aangekondig is, was jou naam nie onder hulle nie. Maar twee van jou beste vriende was! Jy het uitgesluit gevoel! Is daar iets verkeerd met jou?
Oorwin jou reus: Vernedering/nie gewild genoeg nie. Die enigste ding wat erger is as om uitgelaat te word, is die vernedering wat jy ervaar as gevolg daarvan! Die manier waarop ander na jou kyk. Jy wil verdwyn, vir altyd onsigbaar word!
Wat sou Jesus doen? Jou vriende se verpligtinge gaan nou verander en dit gaan jou nie altyd insluit nie omdat hulle nou ander verantwoordelikhede het. Jy is nie die enigste een wat nie verkies is nie. Wie is die ander? Reik so gou as moontlik uit na hulle en moenie van jou kant af jou vriendskap met jou ou vriende beëindig nie.
Gebed: *Here Jesus, ek plaas my gevoelens van vernedering aan u voete. Help my asseblief om hierdie aaklige gevoelens in my hart te oorwin en nie my vriende te verwerp nie. Wys my na wie om uit te reik, maats wat dieselfde ervaring as ek het. Help ons om vriende te word. Help veral vir my om 'n vriend te wéés, voor ek vriendskap vra*.

5. EK IS DIE GUNSTELING!
Dit het gebeur! Jy is gekies as hoofseun/-dogter van jou skool! Wat 'n pragtige afsluiting van jou skoolloopbaan! Baie dinge het in 'n paar kort ure gebeur! Jy het nie verander nie. Waarom tree almal so anders op teenoor jou?
Oorwin jou reus: Groepsdruk. Almal wag vir jou om die volgende stap te neem, 'n keuse te maak, die standaard te bepaal, en dit moet die besluite wees wat húlle wil hê jy moet neem! Wanneer het gewildheid so eensaam geword?
Wat sou Jesus doen? Jy kan probeer om hulle guns te wen deur na hulle pype te dans en 'n naloper te word, of jy kan 'n nuwe standaard stel wat aanvanklik vreemd sal lyk en op die ou end selfs van die leerlinge wat nog nooit aan jou kant was nie, na jou kant toe sal wen.
Gebed: *Here Jesus, ek lê my vrese om verwerp te word noudat ek gewild is, aan u voete neer. Leer my hoe om met integriteit te lei en nie met gewildheid nie, met waarheid en vrede eerder as om verkeerde dinge te probeer en met die vrees saam te leef om uitgevang te word. Leer my om te lei soos U u dissipels gelei het*.

Wat is die *New Age*?

New Age is 'n term wat in die 1980's gewild geword het om 'n wye reeks van oortuigings en praktyke te beskryf wat voortgespruit het uit die alternatiewe kultuur van die 1960-70's in die VSA. Die *New Age* beweging glo dat 'n spirituele tydperk besig is om aan te breek waartydens individue en die samelewing getransformeer sal word. Hulle idees sluit onder andere in: persoonlike spirituele groei en selfverwesenliking, holistiese medisyne (insluitende dinge soos die gebruik van kristalle vir genesing),

reïnkarnasie (die hergeboorte van die siel in ‘n ander liggaam na die dood), astrologie (die studie oor hoe gebeure op aarde korreleer met die posisies en bewegings van hemelliggame) en die mistiese energieë wat glo deur die piramides opgewek word. Hierdie is slegs ‘n paar dinge wat ‘n mens in die *New Age*-lering en lewenswyse teenkom.

Christene glo in persoonlike geestelike groei deur die lees van die Bybel, die leiding van die Heilige Gees en ‘n persoonlike verhouding met Jesus Christus. Ons glo dat daar lewe na die dood is, maar dat mense een keer sal sterf en daarna sal daar ‘n oordeelsdag wees (**Heb.9:27**). Vir die *New Agers* is daar geen oordeelsdag nie. Die Heilige Gees lei ons in die volheid van Jesus Christus (**Ef.3:16-19**). Ons vertrou nie op die leiding van entiteite of magte buite Hom nie (**1 Kor.2:10**).

Gebed: *Vader, ons bid tot U in die Naam van U Seun Jesus Christus, dat U die oë en die harte van die New Age-volgelinge sal open sodat hulle U intiem en persoonlik as die middelpunt van hulle lewens sal leer ken; as die Geneser en Verlosser van hulle siele, en die Een wat hulle met die volheid van Jesus Christus sal vervul. Open hulle harte sodat hulle meteens sal hoor en verstaan dat U die LEWENDE GOD is! Bring hulle daartoe dat hulle hulle sonde sal leer ken en sal verstaan dat hulle berou moet hê om met U as God en Vader versoen te kan word.*

KINDERS WAT BID

Hoe om die Here te prys

Jesus het vir ons ‘n voorbeeld gegee hoe om te bid in **Matteus 6:9-13** en **Lukas 11:2-4.** Ons noem dit die ‘Onse Vader’. Dit begin so: “Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word…” Wanneer ons bid dat die Here se Naam geheilig moet word, eer en prys ons sy Naam as heilig. Daarom beteken die gebed: “Ons Vader wat in die hemel woon, U naam is WONDERLIK! U naam is AWESOME!” Wanneer ons die Here se Naam prys, sê ons dat ons Hom liefhet en dat ons Hom wil gehoorsaam en vir Hom wil leef, dat Hy wonderlik is en dat ons Hom respekteer. Dit is wat “Laat U naam geheilig word” beteken! Daar is baie redes waarom ons die Here moet prys. Hoe voel jy as iemand jou prys vir iets wat jy gedoen het? “Mooi so. Dis goeie werk dié!” sê jou onderwyser. “Jy het uitstekende werk gedoen met die skoonmaak van jou kamer,” sê jou pa. “Ek is lief vir jou net soos jy is!” sê jou ma. Ons hou almal daarvan dat mense, wat vir ons belangrik is, mooi dinge van ons sê – veral as hulle dit self vir ons sê. Dit is lof. Die Here is prysenswaardig. Daar is rede om Hom elke dag te prys. Hy hou daarvan om te hoor dat jy Hom prys want Hy wil ‘n verhouding met jou hê.

HET JY GEWEET die Here sê as ons Hom loof en prys vernietig dit die mag van Sy vyande en ons s’n. Een voorbeeld hiervan in die Ou Testament was toe Josafat, die koning van Juda, oorlog gaan maak het met sangers in die voorlinie van sy leër. Hulle het lofliedere gesing. Terwyl hulle nog in opmars was, het die vyand hulle eie soldate begin doodmaak. Josafat en sy leër het nie eers nodig gehad om te veg nie (lees **2 Kronieke 20:21-23**). God stel Sy krag aan ons beskikbaar wanneer ons Hom prys.

HET JY GEWEET dat lofprysing ‘n vorm van gebed is? As ons bid, praat ons met die Here. As ons die Here prys, bid ons ook. Selfs as ons liedere sing om die Here te prys, bid ons. Ons sê vir die Here hoe wonderlik Hy is. Ons “heilig Sy naam”. Ons vertel Hom hoe *awesome* en groot Hy is. Ons bewys Hom eer, ons vereer Hom wanneer ons Hom prys.

HET JY GEWEET, al is dit nie ‘n wet nie, dit altyd goed is om jou gebede te begin deur die Here te prys. Dit maak nie saak of dinge in jou lewe lekker of nie so lekker is nie – jy kan nog altyd die Here prys. Wanneer jy die Here prys, ongeag in watter gemoedstemming jy op daardie oomblik is, “verhoog” (nog ‘n woord vir prys) jy Hom of jy heilig Sy naam eenvoudig oor wie Hy is. As jy so wil bid, dink oor beskrywings van die Here soos: Rots (Hy verander nooit; Hy is sterk en kragtig), *Jehovah-Jireh* (Hy is ons Voorsiener; Hy voorsien in ons behoeftes), of Alomteenwoordig (die Here is orals op dieselfde tyd) en Alwetend (Hy weet alles).
ONTHOU: God stel Sy krag vry wanneer ons Hom prys/aanbid. Soek na kreatiewe maniere om die Here elke dag saam met jou vriende te prys! (Notas verkort uit: Webwerf: www.praykids.com of e-pos: praykids@navpress.com).

GEBEDSFOKUS OP HEILIGHEID

‘n Groot gedeelte van die boek Jakobus handel oor die leef van ‘n heilige lewe met spesifieke klem op Christelike optrede, bv. *Terwyl daar bittere naywer en selfsug in julle harte is, moet julle nie daarmee spog dat julle wysheid het nie, want dan praat julle nie die waarheid nie. Dié soort wysheid kom nie van Bo nie, maar is aards, sinlik, demonies* (**Jakobus 3:14-15**). En ook: *Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie ‘n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy ‘n vyand van God is* (**Jakobus 4:4**). Deur die loop van die volgende paar weke gaan ons ons harte opnuut op die Here rig.